# Prediking oor die poëtiese stof van die Ou Testament - Die Psalms

*EJ Smit, Potchefstroom*

ABSTRACT

**Preaching the poetry of the Old Testament: The Psalms**

*When preaching from the book of Psalms, it should be kept in mind that the book of Psalms as part of the poetry of the Old Testament contains the human answer of the believer to the revelation of God, as against other books of the Old Testament where the revelation is given directly, either by word or through the history of God's people. Other typical facets of the Israelite belief as mirrored in the Psalms must also be kept in mind when explaining the individual psalms, e.g. the contrast between the righteous and the ungodly, the idea of retribution, the call for vengeance in quite a few of the psalms, and the pointing to the Messiah in some psalms. To gain a better understanding of the psalms a knowledge of the structure of Hebrew poetry is of the utmost importance. When a sermon is prepared on a theme from the Psalms, the specific Psalm should be analysed adequately, so that one can understand the main elements and the basic and specific content of the psalm. An analysis of Psalm 94 is used as an example to show how different kinds of analyses can lead to a better understanding of the psalm. This should, however, only be the first step to use the psalm as a theme for a sermon, although it remains an important step.*

## 1. INLEIDING

'n Belangrike rede waarom die prediking uit die Psalms 'n aparte bespreking regverdig, is die feit dat die Psalms die omvangrykste verteenwoordiging van poëtiese stof in die Ou Testament bevat. Dit is nie vir almal ewe maklik om poësie te lees en te verklaar nie. Burger (1988:10) sê hieroor: "Dit is natuurlik so dat die Psalms ten spyte van hulle tydlose toeganklikheid nie maklike preekstof is nie. Die grondvorm van die prediking is dat dit altyd 'n verhaal wil vertel en die probleem met die Psalms is juis dat dit meestal nie 'n duidelik aanwysbare verhaal bevat nie." Die gebruik van poësie is egter wel onmiskenbaar deel van die uitdrukking van die menslike bestaan tot so ver terug as wat nagespeur kan word. Die uitdrukking van die dieperliggende gedagtes en emosies van die mens, dit wat raak aan die fundamentele van die menslike bestaan, dring die mens om daaraan uitdrukking te gee in die vorm van poësie, eerder as deur middel van logiese taalgebruik. Hoenderdaal (1959:406 e.v., veral 417 e.v.) noem dit die "uitdrukking van verhoogde lewensintensiteit".

Die mededeling in 'n poëtiese vers is iets anders as 'n gewone mededeling. In 'n gedig is daar gebondenheid aan die vorm, die ritme, en daar is 'n verhewenheid van gedagte, "verhoogde lewensintensiteit", veral waar die spreker of digter op beslissende lewensmomente in aanraking kom met dinge soos heiligheid, liefde en dood (Hoenderdaal, 1959:410). Ridderbos druk dit so uit, dat dit wat die hart vervul in poësie dikwels meer direk, met meer spankrag geopenbaar word as in prosa (1962:33).

## 2. DIE OPENBARINGSINHOUD IN DIE PSALMS

- *Die Psalms in die Teologie*

Die studie van die Psalms het deur die geskiedenis van die Teologie verskillende ontwikkelings deurgemaak. Dit was egter die werk van Gunkel wat die eerste groot sprong vooruit gegee het in die studie van die Psalms. Gunkel het die mening gehuldig dat die Psalms hulle oorsprong het in die kultus, maar van die kultus losgemaak is, en daarom gesien moet word as blote geestelike gedigte, terwyl hy die mening gehuldig het dat die vorm van 'n psalm sterk gebonde is aan 'n bepaalde lewensituasie ("Sitz im Leben") (Eybers, 1978:26, 49). Dit het hom in sy studie gelei tot 'n datering van die Psalms in die naballingskapstyd. Mowinckel het op hierdie studie voortgebou en die psalms as deel van die Israelitiese kultus-liturgie gesien (Eybers, 1978:49), en sy studie het gelei tot 'n datering van die Psalms in die tyd van die Israelitiese monargie, hoewel slegs 'n paar van die psalms in die tyd van Dawid self gedateer is. In navolging van Mowinckel is die psalms in latere ondersoeke sterk gekoppel aan verskillende feeste en is die psalms gesien as die teks van gedramatiseerde opvoerings tydens hierdie feeste. Die sg. "Myth and ritual"-skool van Britse en Skandinawiese geleerdes het hierdie studie voortgesit volgens die gedagte van 'n kultiese patroon wat algemeen in die ou Nabye Ooste sou voorgekom het. Skemas van die jaarlikse viering van die goddelike huwelik, die aanneming van die koning as seun van die god, die troonsbestygingsfees en die Nuwejaarsfees is in die Psalms gesien, en die Psalms is hiervolgens verklaar (kyk Kidner, 1973:7-18; en Eybers, 1978:52-53).

In hoeverre die psalms inderdaad in die Ou Testamentiese erediens gefunksioneer het, is baie moeilik om uit te maak. Dit skyn asof dit wel met sommige psalms die geval was, terwyl dit twyfelagtig is met betrekking tot veral die psalms met 'n "wysheidskarakter" (Eybers, 1978:49-50).

Van meer belang vir die doel van die prediking is om te kyk na die openbaringsinhoud van die Psalms as 'n deel van die Ou Testament teenoor die karakter van die openbaring in die Nuwe Testament. Dit tref 'n mens dat daar in die Psalms veral twee fasette van Israel se geloof in God na vore kom, nl. die volstrekte enigheid van Jahwe se heerlikheid, en die innige verbondenheid van die gelowige aan God (Vriezen, 1966:87). Veral die tweede hiervan kom in die Nuwe Testament ook sterk na vore. Daarteenoor staan dat 'n uitdrukking soos "die God van wraak" in Psalm 94 al in die Teologie gebruik is om die God van die Ou Testament te kontrasteer met die God van liefde en versoening van die Nuwe

Testament om so die onaanvaarbaarheid van die Ou Testament te demonstreer (Valeton, 1905:33; kyk ook Miskotte, 1966:145). Wat hierdie hele vraagstuk betref, kan daar volstaan word deur saam met Miskotte te benadruk dat die Ou Testament saam met die Nuwe Testament dien as getuienis van die een Openbaring, die een Verbond, die een Menswording, die een Teenwoordigheid van God op aarde, "een schat om te bewaren voor het opgejaagde volk, voor de rest, die blijft omdat zij terugkeert, die terugkeert omdat zij blijven mag" (1966:150).

- *Menslike antwoord op die openbaring*

Wie met die verklaring van die Psalms besig is, moet daarvan bewus wees dat die karakter van die openbaring in die digterlike boeke van die Ou Testament oor die algemeen in hierdie sin verskillend is van die res van die Ou Testament, dat in die meer histories bepaalde boeke die openbaring deur God gegee word in woord en geskiedenis, terwyl in die digterlike boeke die "menslike antwoord op hierdie openbaring" (Helberg, 1983:160) voorkom. Dit neem egter nie weg nie dat hierdie antwoord "onder die volle heerskappy van God staan, een wat in die vrees van die Here gegee word"; "Dit is 'n antwoord op die wet of woord van God . . . Hoe persoonlik, gewoon of alledaags 'n psalm ook mag wees, ten diepste gaan dit daarin om God se allesomvattende heerskappy en om 'n lewe daarvolgens" (Helberg, 1983:160; kyk ook Eybers, 1978:21).

- *Indiwiduele geloofservarings en gemeenskaplike geloof*

Wanneer die Psalms so gekarakteriseer word as die antwoord van die geloof op die openbaring van God, moet ook in gedagte gehou word dat dit dikwels die koning, die gesalfde van die Here, of 'n dienaar van die heiligdom is wat aan die woord is. Daar is dus eng persoonlike ervarings wat hier aan die woord gebring word, maar dit is ook ingebed in die uiting van dit wat in die hart van die gemeenskap geleef het, in die uiting van Isreal se offisiële, geykte vroomheid. Die Psalms vertoon in hierdie opsig dus ook, ten spyte van skakeringe, 'n eenheid. Verder is daar dikwels ook 'n onmiskenbare profetiese element in die Psalms teenwoordig. Daar is besliste gevalle waar die digter nie namens homself of die gemeente aan die woord is nie, maar namens God, bv. Psalm 2 : 6 v, 12 : 6, 32 : 8, 50 : 7 vv, 60 : 8 - 10 (Ridderbos, 1962:45).

- *Regverdiges en goddeloses*

In die Psalms kom die verskynsel voor dat die mense in twee soorte verdeel word, nl. die regverdiges en die goddeloses. Dit lê ingebed in die aard van die wyse waarop die digter spreek dat daar nie vir skakerings ten opsigte hiervan sprake is nie. Die godsdiens en die kultus maak in sy wese hierdie onderskeid. Daar word dus 'n algemene beeld gegee waarin daar 'n stereotiepe, tradisionele beskouing van die regverdige en die goddelose gegee word. Die regverdige is die mens wat op die Here vertrou, Hom liefhet, sy verbond hou, en God se genade en goedertierenheid in sy hele lewe toon. Wanneer hy desondanks in sonde val, het hy daaroor berou, en soek daarvoor vergiffenis by die Here (Ridderbos 1962:47). Dat dit soms gesê word dat die sondebesef in die Ou Testamentiese bedeling minder ontwikkel was as in die Nuwe Testamentiese, moet natuurlik gesien word in die lig daarvan dat die lewe van die gelowige

in meer besonderhede uitgewerk word in die Nuwe Testament, en dat die versoening in Christus en die dankbaarheidslewe daar ook skerper in die lig gestel word.

Hoewel "goddelose" ( רשע ) oorspronklik nie 'n juridiese betekenis gehad het nie (Jenni en Westermann, 1976 1:816), kom dit tog dikwels voor in die betekenis van iemand wat in 'n regsaak nie die reg aan sy kant het nie (Ridderbos, 1962:60). Hy is merendeels in alles die teenoorgestelde van die regverdige, en kan dus meestal in terme van die regverdige beskryf word, nl. as iemand wat die teendeel van daardie eienskappe besit.

- *Die loongedagte*

Die sg. aardsgebonde loongedagte van die Ou Testament, word dikwels oordryf wanneer dit met die Nuwe Testament vergelyk word. Dit is waar dat daar veral ook in die Psalms 'n verband getrek word tussen regverdigheid en voorspoed, en tussen goddeloosheid en rampspoed. Dit moet gesien word as iets wat so hoort op grond van God se genadeverbond. Waar hierdie uitsprake in die Psalms voorkom, het dit verder ook meestal 'n spreukagtige karakter, dus 'n algemene stelling van hoe dit behoort te wees en hoe dit uiteindelik sal wees (Ridderbos, 1962:51). Wanneer die omgekeerde in die praktiese lewe voorkom, dus dat die goddelose voorspoed beleef en die regverdige teenspoed, maak die digter hom egter nooit los van God nie (Ps 73). Hy pleit dan vir die wat deur teenspoed getref word en hy weet in elk geval dat niemand voor God regverdig is nie (Ps 143 : 2). Die een wat teenspoed beleef, moet daarom nie teen God opstandig raak nie.

Dieselfde gedagte kom in kern ook in die Nuwe Testament voor, maar in die Nuwe Testament val daar uiteraard 'n duideliker lig op die betreklikheid van hierdie tydelike, aardse lewe, en die duideliker beeld van die ewige lewe wat die Nuwe Testament bied, open ook nuwe perspektiewe in hierdie verband.

- *Verlossing uit die dood*

Verwant aan bogenoemde is die geloof dat die Here mag het om uit die dood te verlos, dat die Here sterker is as die mag van die dood, en dat God se guns dus ook na die dood gesmaak kan word. In verskillende uitsprake is dit ook duidelik dat die digter(s) van die Psalms 'n uitsig het op die eindelose toekoms, waar Dawid se nageslag nog sal regeer, en waar die loflied van die regverdige nog sal klink (Ridderbos, 1962:56).

- *Messiasverwagting*

Die "Messiasverwagting" in die Psalms moet so gesien word dat die sg. Koningspsalms sing van die Koning van Israel, wat hóm na regte toekom, en wat hy na regte behoort te gewees het. Terwyl geeneen van Israel se konings egter volledig hieraan kon beantwoord nie, het die verlange ontstaan na die Koning in Wie al hierdie heerlike uitsprake vervul kon word (kyk Eybers, 1978:60; Kraus, 1988:73). So is van die uitsprake van die Koningspsalms later toegepas op die komende Messias (vlg. Ps 72 : 8 met Sag 9 : 10) (Ridderbos, 1962:57). (Vergelyk Eybers, 1978:60 en vergelyk ook verder die bespreking oor Ps 22 hieronder.)

● *Die "wraakpsalms"*

Met betrekking tot die sg. "Wraakpsalms" moet die psalms steeds gesien word as psalms wat in die Ou Testament voorkom. Wat vorm betref, vorm hulle dus deel van die spreukagtige poësie van die Ou Testament. Uitsprake oor God se oordeel sal daarom in die kerklike prediking tog anders bewoord moet word. Die Nuwe Testamentiese gelowige kan nie die roep om God se wraak net so hanteer soos dit in die Psalms na vore kom nie. Die Nuwe Testament lê die nadruk daarop dat die gelowige vir die goddeloses moet bid dat hulle tot bekering mag kom, dat die goddeloses se boosheid met goed beantwoord moet word, dat die vyande liefgehê moet word, en dat die wat die gelowiges kwaad aangedoen het, vergeef moet word. Die Nuwe Testament is egter net so seker as die Psalms dat die dag van God se oordeel sal aanbreek en dat die mag van Satan, wat die ware vyand van God is, gebreek word (Kidner, 1973:32). Jesus het self 'n vreeslike oordeel uitgespreek oor die slegte landbouers (Markus 11 : 14) en oor die ontroue gemeentes van Klein Asië (Op 2). Die koms en die werk van Christus het trouens die oordeel van God soveel nader gebring en naas die begeerte dat God finaal moet verlos, beklemtoon die Nuwe Testament die diepte en die finaliteit van God se oordeel oor die ongelowiges (Kidner, 1973:29. Eybers, 1978:56-57).

Daar is duidelike tekens dat die roepe om wraak en vergelding in die Psalms spruit uit 'n egte begeerte dat geregtigheid moet geskied (Eybers, 1978:57). Sonder die lig wat die Nuwe Testament oor die finale oordeel van God verskaf, moet in die wraakuitsprake van die Psalms die onmagtige woede van die digter oor die onreg gesien word. Die besonderhede van die strawwe waarvoor hy smeek, moet wel teen die agtergrond van die lewensgevoel van sy eie tyd gesien word, maar dit moet ook in die lig van die poëtiese vorm verstaan word, nl. dat die digter daarmee meer die intensiteit van sy eie gevoelens uitspreek as dat hy letterlik om die vervulling daarvan dra. Dit het eerder die bedoeling om die hoorder of leser emosioneel aan te spreek en uiting te gee aan die gevoelens van desperaatheid wat hy ondervind. En uiteindelik is hierdie bedes om vergelding altyd gerig tot God, of dit staan in die konteks van uitsprake waarin die geloof in God sentraal figureer, sodat dit nie gesien moet word as persoonlike wraakwense nie, maar, in finale sin, as 'n oorgawe aan God, wat regverdig oordeel.

## 3. DIE EIENSKAPPE VAN DIE HEBREEUSE POËSIE

Wanneer Hulst (1941:122/3) riglyne gee vir die eksegese van die Ou Testament, lê hy nadruk op die voorbereidende studie om die struktuur van die Bybelse denke te probeer verstaan. Die ondersoeker moet nie sy eie denke, assosiasies en terminologie in die Bybelteks inlees nie. Daar moet soveel as moontlik gepoog word om te wete te kom hoe die skrywer in die tyd van ou Israel gedink het, hoe hy sy omgewing ervaar het, en hoe hy gereageer het op die dinge wat van buite in sy lewe binnegekom het. Daarom is dit ook nodig om te weet hoe die struktuur van die Bybelse poësie daar uitgesien het.

Een van die belangrikste elemente vir die verstaan van die Bybelse poësie is die voorkoms van die sg. *parallelismus membrorum*, wat deur

Richard Lowth alreeds in 1753 geïdentifiseer is. Die voorkoms van parallelle versreëls as sinonieme -, antitetiese -, en die derde soort met 'n lomp naam as "sintetiese" pare aangedui, kom veelvuldig in die Bybelse poësie voor. In Psalm 94, bv. kan elke vers as 'n parallellisme aangemerk word. Trouens hierdie psalm maak ook slegs gebruik van sinonieme parallellismes, met uitsondering van vers 11, 13 en 17 waar daar sg. sintetiese parallellismes voorkom, en vers 18 en 19 waar daar antitetiese parallellismes voorkom (kyk onder).

Hiernaas kan die emblematiese parallellismes genoem word, waar in een deel van die vers 'n embleem of vergelyking voorkom, met 'n toepassing daarvan in die ander deel, bv. Psalm 42 : 2 : "Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!", of Psalm 103 : 11 - 13: "So hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. / So ver as die ooste is van die weste, so ver verwyder Hy ons van ons oortredinge. / Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees."

Die sg. klimaktiese parallellisme, wat ook prominent in die Ugaritiese poësie voorkom, is 'n baie ou verskynsel in die Hebreeuse poësie. Die herhaling van 'n gedeelte van die vers, en die byvoeging van bepaalde elemente, werk op tot 'n klimaks van gedagte-uiting, bv. in die eerste twee verse van Psalm 96 "Sing tot eer van die Here . . . sing voor die Here . . . Sing tot eer van die Here, loof sy Naam . . .". Die eerste twee verse van Psalm 94 het ook iets daarvan: "God van wraak, Here, God van wraak, verskyn in ligglans! . . . "

Daar is in studies in die jongste tyd heelwat nuwe perspektiewe geopen in verband met die verskynsel van parallellisme in die Bybels poësie, wat meebring dat enige gedwonge verklaring van die Hebreeuse poësie in terme van parallellismes nie as voldoende beskou kan word om die poësie van die Bybel te verstaan en te verklaar nie (kyk bv. Kugel, 1981; Watson, 1984; Burden, 1986). Die parallellisme kom egter nogtans algemeen voor in die balansering van gedagtes in twee opeenvolgende versreëls, sodat dit inderdaad 'n feit is dat hierdie soort poësie ook in vertaalde vorm nie soveel van sy skoonheid inboet soos met moderne poësie oor die algemeen die geval is nie. Om hierdie rede is dit "well fitted by God's providence to invite 'all the earth' to 'sing the glory of his name' " (Kidner, 1973:4).

Die voorkoms van die parallellisme in volledige en onvolledige vorm het ook te make met die *metrum* van die Hebreeuse poësie. Hoewel die werking en funksies van die metrum nog nie goed verstaan word nie (kyk Fensham, 1966:19; Kraus, 1988:34), is soveel duidelik dat ons hier nie soseer te make het met metrum soos dit tradisioneel in die poësie van die Westerse tale voorkom nie, maar as gevolg van die organisasiepatroon van hoofsaaklik beklemtoonde lettergrepe, kom hier veel eerder 'n sg. gedagterym voor (Van der Ploeg, 1971:24). Uiteraard laat dit in die verskillende gedigte en selfs in dieselfde gedig 'n groot mate van soepelheid toe. Selfs die sg. qina-ritme, wat in die een reël 3 heffinge bevat en in die daaropvolgende reël twee, en wat oor die algemeen as uitnemend geskik beskou kan word vir gebruik in 'n klaagsang, soos die naam

daarvan aandui, kan egter ook gebruik word vir die uitdrukking van vreugde en vertroue. Die metrum wissel dikwels in dieselfde gedig, en kan daarom beslis nie as 'n motivering vir tekswysiging gebruik word soos dit soms in ouer kritiese kommentare voorkom nie (sien ook Allis, 1972:61).

Metrum en parallellisme kom in 'n eindelose variasie van volledige en onvolledige balansering van woorde en gedagtes voor. Wielinga (1960:168) wys in hierdie verband op die uitspraak van Herder, wat so vertaal kan word: "Sodra die hart begin om uit te giet, vloei dit golf op golf. Die hart is nooit klaar nie, dit het altyd weer iets nuuts te sê."

Naas die parallellisme is die *herhaling van woorde* 'n kragtige formele eienskap van die Bybelse poësie. Die herhaling kom soms identies voor, bv. die Imperatief "Kom!" in Jes 55 : 1, en kan, soos dit hier gebruik word, 'n kragtige middel in die hand van die digter word om dringendheid uit te druk. Soms kan dit egter ook in 'n effens gewysigde vorm voorkom, dikwels om teëstellend of aanvullend en oplossend 'n bepaalde gedagte sterk tuis te bring. 'n Voorbeeld hiervan uit Psalm 94 is die gebruik van die Hif'il van שׁוב in vers 2 : "Vergeld die trotsaards hulle dade", en vers 23 : "Hy vergeld hulle hulle ongeregtigheid" (eie vertaling, om die gelykheid uit te wys). Of in teëstellende nadruk, die gebruik van die deelwoord van יצר in vers 9 en 20 : God is die Een "wat die oog formeer" (v. 9), terwyl die goddelose "moeite formeer, versin".

Die verdeling van onderdele van 'n gedig in *strofes* kan vir die verstaan of verklaring van 'n gedig soms baie verhelderend wees. Dikwels kan strofes onderskei word deur die gebruik van 'n refrein aan die einde van die strofe, soos bv. die refrein "Laat hulle die Here loof vir sy goedertierenheid, en vir sy wonderdade aan die mensekinders" in Psalm 107 vers 8, 15, 21, 31. Anders kan strofes vasgestel word deur die gedagteoorgang wat in die gedig voorkom, soos bv. in Psalm 22 waar die klag oor Godverlatenheid tot vers 22 heeltemal 'n ander kenmerk dra as die lofprysing in vers 23 tot 32.

Die verdeling in strofes neem nie weg nie dat daar nogtans ernstig gesoek moet word na die eenheid van, of die *sentrale gedagte* in die gedig. Dikwels word die sentrale gedagte op formele wyse in die gedig self vervat deur die sg. verskynsel van "inclusio" of "omarming", wat beteken dat die sentrale gedagte aan die begin van die gedig gestel word, en weer aan die einde van die gedig opgeneem word. Psalm 139 het bv. aan die begin "Here, U deurgrond en ken my" (v. 1), en aan die einde kom die bede: "Deurgrond my, o God; toets my en lei my op die ewige weg!" In Psalm 94 het die eerste twee verse as 'n strofe: "God van wraak, Here, God van wraak, verskyn in ligglans! / Verhef U, Regter van die aarde, vergeld die trotsaards hulle dade!", en in die laaste vers word die gedagte van vergelding weer opgeneem: "Hy vergeld hulle hulle ongeregtigheid en verdelg hulle in hulle boosheid; die Here ons God verdelg hulle." Volgens sommige ondersoekers kom hierdie verskynsel in soveel as 75 psalms voor. Ander meen egter dat die getal nie so hoog is nie, en dat die bepaling van die getal berus op 'n geforseerde

manier waarop die verskynsel vasgestel word in 'n aantal van die gevalle.

Die gewone stylfigure wat in enige taal voorkom, soos hiperbool, eufemisme, vergelykings en metafore ens., kom ook in die Hebreeuse poësie voor (sien verder Du Toit, 1960 deel IV:322-328; Wielinga, 1960:145-167). In die Hebreeuse poësie kom verder nog voor die vormgewing van die Psalms onder kontrole van die "ordenende intellek" (Ridderbos, 1962:44), waarby verwys kan word na die akrostiese gedigte; die opbou van sommige gedigte soos Psalm 44 wat uit strofes bestaan van eers 10, dan 8, dan 6 en dan 4 reëls; verder woordherhalings en chiasme.

Wielinga (1960:163) wys bv. op die samestelling van Psalm 114 in die vorm van 'n beurtsang, wat in sy geheel met sinonieme parallellismes saamgestel is, telkens met 'n styging in gedagte-inhoud deur verklaring, verfyning of versterking van die inhoud van die eerste reël deur die tweede. Om dit enigsins visueel voor te stel, kan dit soos volg afgedruk word:

Toe Israel uit Egipte getrek het,
DIE HUIS VAN JAKOB UIT 'N VOLK MET 'N VREEMDE TAAL
het Juda sy heiligdom geword,
ISRAEL SY RYKSGEBIED
Die see het dit gesien en gevlug;
DIE JORDAAN HET AGTERUITGEWYK
die berge het rondgespring soos ramme,
DIE HEUWELS SOOS LAMMERS
Wat is dit met jou, o see, dat jy vlug?
O JORDAAN, DAT JY AGTERUITWYK?
O berge, dat julle rondspring soos ramme?
O HEUWELS, SOOS LAMMERS?
Beef, aarde, voor die aangesig van die Here,
VOOR DIE AANGESIG VAN DIE GOD VAN JAKOB
wat die rots verander het in 'n waterplas,
DIE KEISTEEN IN 'N WATERFONTEIN!

## 4. RIGLYNE VIR PREDIKING UIT DIE PSALMS

In sy bekende werk oor die prediking gee Dijk (1955:216-8) 'n sewetal riglyne vir die prediking uit die Psalms. Enkele opmerkings kan daarby gemaak word.

Met betrekking tot die bepaling van die historiese agtergrond van die individuele psalms (Dijk, 1955:216) kan gestel word dat die historiese agtergrond by die meeste psalms nie (meer) bepaal kan word nie (kyk bv. die bespreking hieroor in Eybers, 1978:37, en Kraus, 1988:62-68; kyk ook Burger, 1988:13). Verder is dit so dat, net soos by die moderne gedig, die uiteindelike poëtiese produk, die gedig, veelal ontdaan is van individueel persoonlike omstandighede. Die goeie gedig is juis so geskryf dat dit 'n universele strekking en toepassing het. Dit lê in die aard van die gedig dat daar tydlose uitsprake in voorkom en juis dit bring mee dat die Psalms vir die kerk heeltemal eietyds is, omdat die kerk so getoe is in die geloofsuitdrukking en geloofsversugtinge van die Ou Testament. Dit

maak die Psalms uiters geskik vir prediking ook in die moderne tyd – en tog moet die prediker, veral ook in sy voorbereiding, deeglik daarmee rekening hou dat hy met 'n geheel andersoortige gedig uit 'n geheel ander tydvak te make het.

Die besinnig oor die subjektiewe reaksie van die digter, sy motiewe, sy worsteling, sy verlangens en sy vreugde (Dijk, 1955:217) het 'n eie waarde, maar dit moet nie aanleiding gee tot 'n psigologiserende eksegese en 'n verklaring wat so aan die digter gekoppel is dat die openbaringskarakter van die psalm daarmee nie meer raakgesien word nie.

Die prediking oor die "liriek wat van die Gees van Christus getuig" veral met betrekking tot die lyde van Christus, soos dit na vore kom in Psalm 22, 40, 69, 89, en die heerlikheid van Christus, soos in Psalm 72, 110, 118, gee 'n besondere klem aan die "Christusprediking" van die Psalms. Die Nuwe Testamentiese uitdrukking dat die Ou Testament in 'n besondere gebeurtenis in die Nuwe Testament "vervul" is, moet egter goed begryp word. Dit moet bv. nie so verstaan word dat Dawid die wanhoopsklag in Psalm 22 onder leiding van die Gees uitgespreek het, omdat die Gees "geweet" het wat eeue later met Christus sou gebeur nie, maar dat Christus in sy bittere lyde aan die kruis teruggegryp het na die bekende woorde wat Dawid ook eeue tevore uitgeroep het. So het die woorde van Dawid in die gebeurtenis aan die kruis 'n besondere nuwe betekenis gekry. Heelwat van die uitroepe van Dawid in hierdie Psalm het in die kruisgebeure 'n spesiale toepassing gevind. Hierin kan die werk van die Gees in Dawid nie ontken word nie. Sommige van die uitsprake in die psalm kan egter slegs in hulle universele, kontekstuele betekenis op die kruisiging van toepassing gemaak word. Hulst sê in hierdie verband: "Jezus staat in Zijn lijden vlak naast den lijder van Psalm 22, maar principieel naast elke oudtestamentischen geloovige, die wist wat leed en ellende was . . . We (moeten) zeker uitkomen bij de erkenning van het feit, dat ook het lijden van dezen psalmist zijn vervulling gevonden heeft in het lijden van Christus (1941:106; vgl. sy hele bespreking van 100 tot 106; vgl. ook die bespreking in Eybers, 1978:60-61, en in Burger, 1988:12-13). In die kruisgebeure het die woorde van Dawid in Psalm 22 dus 'n "vol-heid" van betekenis gekry, en in hierdie sin kan die "vervulling" van die psalm in Christus gesien word, en moet die werk van Gees in Dawid eeue tevore ook erken word.

Die stelling van Dijk (Dijk, 1955:218) dat die liriek ook eise stel aan die vorm van die preek, taalgebruik wat pas by die jubel of die klag van die psalm en die leiding aan die gemeente tot 'n subjektiewe weerklank in hulle geestelike ervaring op die openbaring van God, moet veral in die huidige tyd as baie belangrik aangemerk kan word. Dit is 'n merkbare verskynsel dat daar tans 'n behoefte is aan 'n prediking wat sterker as wat algemeen voorkom, gerig is op die bevindelike, sodat die lidmate aangespoor word tot werke van die geloof uit 'n beroep op hulle geloofsemosie en nie soseer uit 'n appèl op hulle intellektuele begrip van geloofsake nie. Die twee sal nooit werklik van mekaar losgemaak kan word nie, maar die een kan tog in die prediking self 'n dominante rol speel.

By hierdie riglyne van Dijk kan verder enkele riglyne ten opsigte van die praktiese voorbereiding vir die prediking uit die Psalms bygevoeg word.

a. 'n Psalm sal as Hebreeuse gedig nie werklik begryp kan word as dit nie uit die Hebreeuse teks self bestudeer word nie. As alternatief kan wel gebruik gemaak word van 'n idiolektiese, of letterlike, of woord-vir-woord vertaling, maar dit sal op sy beste slegs 'n surrogaat bly. Du Toit sê wel (1960 deel III:401): "Dit is nie eintlik die werk van die predikant om die groot Skrifgedagtes te gaan soek nie – dit moet hom aangewys word deur die Skrifverklaarder van beroep. Die goud moet in blokke uit die myn gehaal word. Die prediker se werk is om dit te munt en onder die volk in sirkulasie te bring". Wielinga het egter hieroor iets meer te sê. Hy is nie sonder waardering vir die pogings van verskillende vertalings en vir die resultate van die nuwe taalkundige insigte soos dit in die vertalings gestalte kry nie, maar hy stel wel nadruklik (1960:139): "Vooral bij de schoonheidgevoelige ziel is de taal niet enkel formulering van gedachte, maar muziek van het hart, verklanking van de innerlijke melodie, weergave van het ontwaakte ritme daar binnen! Het is een volstrekte onmogelijkheid deze gans eigensoortige schoonheid van woordgeluid en taalmelodie te genieten, zonder de Bijbel in de oorspronkelijke talen te lezen, na vooraf een bijzondere studie gemaakt te hebben van de Oosterse taaltechniek." Met betrekking tot die geniet van die skoonheid van die Bybel, geld ook die begrip daarvan. Volledige begrip van die Bybel sluit ook die geniet daarvan in, altans in geloofsopsig en daarom moet dieselfde eis gestel word ten opsigte van die verstaan van die Bybel.

b. Die formele eienskappe van die Psalm as gedig moet bepaal word. Dit geld vir sake soos die eenheidsgedagte, die vraag of daar 'n herhaling van die hoofgedagte soos aan die begin gestel weer aan die einde voorkom ("inclusio"), wat die kernwoorde van die gedig is, of daar 'n duidelik verdeling in strofes is, of daar 'n refrein voorkom, ensovoorts.

c. Daar moet gekyk word waarna die gedig buite homself uitwys om te bepaal of die agtergrond van die gedig vasgestel kan word en of dit aanleiding daartoe gee om die gedig beter te verstaan. Die identifisering van name van persone en plekke, geografiese aanduidings, sosiale en godsdienstige omgewing en fisiese en geestelike toestande kan in hierdie verband van groot hulp wees. Vir die verstaan van elke psalm is dit belangrik om hierdie "veld of probleem" (Burger, 1988:14) wat tot die ontstaan van die psalm aanleiding gegee het, te probeer bepaal, sodat die boodskap van die prediking daaruit kan voortvloei.

d. Die kerngedagte van die gedig moet geformuleer word en daar moet nagegaan word hoe die verskillende onderdele van die gedig hiermee saamhang.

e. Die digterlike aard van die gedig moet vasgestel word, nl. of dit 'n leerdig, 'n klaaglied, 'n jubel, 'n loflied, 'n uiting van geloofsvertroue is en die emosionele intensiteit, die stemming van die gedig moet nagegaan word. Verskillende elemente van die gedig kan hierin behulp

saam wees, soos die gebruik van beeldspraak, herhaling van woorde, of die gebruik van woorde in 'n bepaalde betekenisveld. Dit veronderstel ook wel 'n basiese kennis van die verskillende soorte psalms, hoewel dit in gedagte gehou moet word dat verskillende verklaarders dit nie altyd eens is oor die presiese aard van individuele psalms nie (kyk Eybers, 1978:29-31).

f. Die openbaringsinhoud van die psalm moet nagegaan word. Die gebruik van die Godsname, die handelinge van God wat beskryf word, die eienskappe van God en ook die beskrywing van die vromes en goddeloses en hulle onderlinge verhoudinge kan hierin tot hulp wees. Die Hebreeuse poësie werk dikwels met absolute teëstellings ter wille van duidelikheid, sonder om verskillende grade van uitsondering toe te laat.

Hierby moet die plek van die psalm in die openbaringshistoriese opset duidelik in die oog gehou word.

g. Wanneer die teks van die preek nie dieselfde is as die hoofgedagte van die gedig nie, moet sy verhouding tot die hoofgedagte en tot die spesifieke openbaringsmoment van die psalm as geheel uitgewerk word.

h. Ten slotte is dit seker 'n algemene aanbeveling wat ook hier op sy plek is, dat die gemeente nie vermoei moet word met die "kombuiswerk" wat aan die preek voorafgegaan het nie. Dit kan wel 'n goeie doel dien as die gemeente sodanig geprikkel word dat hulle die psalm self agterna gaan bestudeer met betrekking tot aspekte wat nie in die preek aan die orde kon kom nie. Die preek moet egter as 'n voltooide, gelowige kunswerk in sy eie reg aan die gemeente voorgedra word.


## 5. FORMELE ONTLEDING VAN PSALM 94

Enkele van die sake wat hierbo genoem is, kan geïllustreer word aan die hand van 'n kort formele ontleding van Psalm 94 in sy Hebreeuse teks. Hier word weer met nadruk gesê dat elke psalm as 'n individuele gedig benader moet word en die ontleding wat hier gebied word, moet nie gesien word as 'n resep wat presies so op elke ander psalm toegepas kan word nie. Die eerste stap by die ontleding van elke psalm moet wees dat die psalm aandagtig deurgelees word om so vas te stel watter moontlikhede vir ontleding dit bied. Verder moet in gedagte gehou word dat die rykdom van elke psalm (en van die hele Skrif!) so groot is, dat dit nie met een enkele ontleding vasgevang kan word nie. Dit groei op 'n mens en hoe meer jy daarmee besig is, hoe meer ontdek jy daarin. Daar is nie woorde genoeg om die wonder hiervan uit te druk nie.

(Ter wille van allerlei tegniese probleme word die Hebreeuse teks, op een uitsondering na, nie in hierdie ontledings gebruik nie, maar daar word hoofsaaklik gebruik gemaak van verskillende grafiese voorstellings met gebruikmaking van die Ou Afrikaanse Vertaling of 'n eie vertaling soos funksioneel nodig.)

'n Formele analise van die struktuur van die verse toon aan dat al die verse bestaan uit sinomieme parallellismes, met uitsondering van vers 11 en 13 en vers 17, 18 en 19.

*Ontleding 1:*




Vers 18 en 19 lyk na sintetiese parallellismes, maar na 'n woord-vir-woord ontleding kan dit ook verklaar word as antitetiese parallellismes, vers 18 in die skema a b c // c d b, en vers 19 in die skema a b c // b a c.

Vers 17, 18 en 19 vorm 'n baie noue eenheid. Vers 11 en 13 as die ander twee afwykende verse omring vers 12, wat ook die presiese middelste reël van die gedig is. Vers 12 verteenwoordig ook duidelik 'n ander stemming as die voorafgaande reëls. Dit kan die keerpunt in die gedig genoem word en verdeel die gedig duidelik in twee groot dele. Van vers

16 af kom die "ek" van die digter duidelik na vore, en dit is dan duidelik dat hy homself identifiseer met "die man wat deur die Here onderrig word" en wat salig gespreek word in vers 12.

Op die inhoud af kan verdere eenhede of strofes bepaal word. Verklaarders stem wel saam oor die tweedeling van die gedig, maar daar is soms verskil van mening oor die presiese onderverdelings. Vers 1 - 2 vorm 'n oproep tot Jahwe om te verskyn. Vers 3 - 4 is 'n uitroep oor die goddeloosheid van die goddeloses. Vers 5 - 7 het die vorm van 'n klag tot Jahwe oor die onreg van die onregdoeners. Vers 8 - 11 is 'n waarskuwing tot hulle dat God hulle onreg sien.

Vers 12 - 13 spreek die mens gelukkig wat deur God geleer word. Vers 14 - 15 spreek die vertroue uit dat God sy volk beskerm en die reg sal herstel. Vers 16 - 19 spreek van die digter se vertroue dat God hom sal ondersteun in sy stryd teen die onregdoeners en teen sy eie struikeling. Vers 20 - 21 stel die skynbare oorwinning van die onheildoeners en dit staan in skerp kontras met die versekering in die laaste twee verse dat God hulle sal verdelg.

Die onderverdelings kan ook in 'n mooi simmetriese patroon opgebou word, soos in die skema voorgestel, waarvolgens die tweede deel telkens die antwoord van vertroue bied op die skildering van die onregsituasie in die eerste deel.

Wie is die kwaaddoeners? Ten spyte van vers 5, 14 lyk dit of dit gaan om mense uit die eie volk wat hulle te buite gaan aan hoogmoed en magsmisbruik, kyk bv vers 6, 8 en of hulle onreg veral ook op die digter gemik is; daarom die versekering van vers 22.

*Ontleding 2:*

Wie is die goddeloses, en wat doen hulle?

1. ...............
2. ........ hoogmoediges
3. ........ goddeloses ........ jubel
4. hulle smaal, praat onbeskaamd, verhef hulle ........ onregdoeners
5. ........ verbrysel God se volk ........ verdruk sy erfdeel
6. ........ maak dood ........ vermoor
7. Hulle sê God sien dit nie ........
8. ........ onverstandiges ........ dwase ........
9. ...............
10. ...............
11. ...............
12. ...............
13. ........ goddelose ........
14. ...............
15. ...............
16. ........ kwaaddoeners ........ onregdoeners
17. ...............
18. ...............
19. ................
20. ........ regterstoel wat onheil stig, moeite versin ........

21. bestorm die lewe ........ veroordeel onskuldige bloed
22. ................
23. ................

Hulle is hoogmoediges (2), goddeloses (3, 13), onregdoeners (4, 16), onverstandiges en dwase (8), kwaaddoeners (16).

Hulle jubel (3), hulle smaal, praat onbeskaamd, verhef hulle (4), hulle verbrysel God se volk, verdruk sy erfdeel (5), maak weduwee en wese dood, vermoor die wese (5), hulle sê die Here sien dit nie (7), hulle is 'n regterstoel wat onheil stig en moeite versin teen die insetting in (20), bestorm die lewe van die regverdige en veroordeel onskuldige bloed (21).

*Ontleding 3:*

Hoe stel die digter hom op teen die onregverdiges?

Eers beskryf hy wat hulle doen (4 - 7), totdat hy daarby kom dat hulle sê God sien dit nie. Juis daarom is hulle dwaas (8), want God sien dit (9 - 11). Enige iemand wat die wet van God ken weet wat reg en wat onreg is, en is daarom gelukkig (12). Die goddeloses sal vergaan (13), en God sal sy volk beskerm en die reg laat terugkeer (14 - 15).

Daarom, wat sal die digter doen? Hy gaan teen hulle optree. En wie gaan hom help (16)? Die Here gaan hom help (17 - 19), selfs as hy benoud word onder die druk daarvan. Hy lê die klag van hulle ongeregtigheid voor God om te oordeel (20 - 21), want God sal so iets tog nie verdra nie (sarkasme: 20).

En eindelik vind hy volkome rus daarin dat God 'n regte oordeel oor hulle sal voltrek (23). Daarom is die Here vir hom 'n rots van toevlug (22).

*Ontleding 4:*

Wie is Jahwe, en wat doen Hy?

1. El van wraak, Jahwe ........
2. ........ Regter van die aarde ........
3. ........ Jahwe ........
4. ................
5. ........ Jahweh ........
6. ................
7. ........ Jah ........ God van Jakob
8. ................
9. Maker van die oor ........ Vormer van die oog ........
10. tugtig die naasies ........ straf ........ leer die mens kennis
11. Jahweh ken ........
12. ........ Jah onderrig die man, leer hom uit die wet
13. ................
14. ........ Jahweh. verwerp nie ........ verlaat nie ........
15. ................
16. ................
17. ........ Jahweh ........ is my hulp ........
18. ........ Jahweh ........ ondersteun my
19. ........ u vertroostinge verkwik my

20. ...............
21. ...............
22. ........ Jahweh is 'n vesting vir my, my God ........ 'n rots van toevlug
23. Hy sal vergeld ........ Hy verdelg, Jahweh, ons God

Deur die hele psalm word Hy as Jahwe aangespreek, twee keer as Jah (7, 12), en een keer in die verbinding "Jahwe ons God" (23). Verder word hy aangespreek as God van wraak (1), regter van die aarde (2), God van Jakob (7). Hy is maker van die oor, vormer van die oog (9), die Een wat die nasies tugtig (10), Hy is 'n rotsvesting en 'n rots van toevlug (22).

Hy word gevra om in ligglans te verskyn (1) en te vergeld (2). Hy hoor en sien (9), Hy straf die nasies (10), en Hy weet dat die mens se gedagtes ydelheid is (11).

In die tweede deel van die psalm het die handelinge van Jahwe duidelik 'n ander karakter. Dit is meer gerig, aktief tot optrede teen die goddeloses, en positief tot beskerming van sy volk, en tot ondersteuning van die digter. Hy onderrig en leer die mens uit die wet (12). Daarom: Hy verwerp nie sy volk nie, verlaat nie sy erfdeel nie (14), Hy is 'n hulp vir die digter (17), sy goedheid ondersteun hom (18), sy vertroostinge verkwik hom (19), Hy vergeld die goddeloses en verdelg hulle (23).

*Ontleding 5:*

Ongewone sinswendinge kom 'n aantal keer voor, en meestal word dit gebruik ter wille van nadruk. Slegs twee van die gevalle is duidelik die gevolg van die chiastiese patroon van die betrokke vers. By die ander moet die nadruk dus opsetlik wees.

Vers 5: עמך יהוה ידכאו ונחלתך יענו :

*"U volk verbrysel hulle, en u erfdeel verdruk hulle."*

– Die voorwerp staan in albei gevalle met nadruk vooraan.

Vers 6: אלמנה וגר יהרגו ויתומים ירצחו:

*"Weduwee en vreemdeling maak hulle dood, en wese vermoor hulle."*

– Die voorwerp staan weer eens met nadruk vooraan.

Vers 12: ומתורתך תלמדנו :

*"... en uit u wet leer U hom".*

– Die voorsetsel met sy afhanklike woord staan met nadruk voor.

Vers 14: ... ונחלתו לא יעזב

*"... u erfdeel sal U nie verlaat nie".*

– Die voorwerp staan met nadruk vooraan; hierdie vers staan egter in 'n chiastiese konstruksie.

Vers 15: .... כי־עד־צדק ישוב משפט

*"Want tot geregtigheid sal die regspraak terugkeer ..."*

– Die voorsetsel met sy afhanklike woord staan met nadruk voor.

Vers 18: ... חסדך יהוה יסעדני

*" . . . u goedheid, o Here, ondersteun my".*

– Die onderwerp staan met nadruk vooraan.

Vers 19: ... תנחומיך ישעשעו נפשי

*" . . . u vertroostinge verkwik my siel".*

– Die onderwerp staan met nadruk voor.

Vers 21: ... ודם נקי ירשיעו

*" . . . en onskuldige bloed veroordeel hulle."*

– Die voorwerp staan met nadruk vooraan; hierdie vers staan egter ook in 'n chiastiese konstruksie.

Vers 23: ... וברעתם יצמיתם ...

*" . . . en in hulle boosheid verdelg Hy hulle . . ."*

– Die voorsetsel met sy afhanklike woord staan met nadruk voor.

*Ontleding 6:*

Miskien is die leersaamste aspek van die psalm die wyse waarop woorde herhaal word. Merkwaardig genoeg is dit in die meeste gevalle 'n kernwoord in die eerste deel wat herhaal word in die tweede deel. Die volgende gevalle kom voor:

1. God van wraak, Here, God van wraak ........
2. ........ vergeld ........
3. ........ goddeloses ........
4. ........ onregdoeners
5. u volk ........ u erfdeel ........
6. ...............
7. ...............
8. ...............
9. ........ Hy wat die oog formeer ........
10. ...............
11. ........ mens ........

.......................................................................................................................

12. ........ die man ........
13. ........ die goddelose ........
14. ........ sy volk, sy erfdeel ........
15. ...............
16. ........ onregdoeners
17. ...............
18. ...............
19. ...............
20. ........ hy wat moeite formeer ........
21. ...............
22. ........ my God, rots van my toevlug
23. Sal vergeld ........ Here, ons God

"Vergeld" (1, 23): God word opgeroep om die goddeloses te vergeld (1), en Hy sal hulle hulle ongeregtigheid vergeld (23): die oorkoepelende gedagte van die psalm. Hierby sluit aan "God van wraak" ('el) (1), Hy is "my God" ('elohim) die rots van my toevlug (22), en "die Here, ons God" (23) ('elohim).

"Goddeloses" (3, 13). Hoe lank sal die goddeloses jubel? (3). Vir die goddeloses word 'n kuil gegrawe (13).

"Onregdoeners" (4, 16). Hulle verhef hulle (4). Wie sal saam met my teen hulle opstaan? (16) (Jahwe, natuurlik, kyk 17).

"U volk" en "u erfdeel" – word verdruk deur die goddeloses (5), maar word deur God nie verwerp en verlaat nie (14).

"Formeer" – God formeer die oog (9); die goddeloses formeer moeite (20).

Die merkwaardigste teëstelling kom voor by "mens" ('adam) (10), en "man" (geber) (12): God leer die "mens" kennis (algemeen, na "volke"), maar welgeluksalig is die "man" vir wie die Here onderrig.

Hierdie soort ontleding hoef nie elke keer so formeel te geskied nie, en dit sal nie met ewe veel vrug op elke psalm toegepas kan word nie. Tog bring dit 'n mens onder die indruk van die fynighede waarmee die psalms ook struktureel saamgestel is. Dit laat 'n mens inderdaad neig na die standpunt wat deur verskillende skrywers uitgespreek is, dat daar 'n formele onderrig vir digters kon plaasgevind het in die tyd van ou Israel.

Dit is ook byna oorbodig om te benadruk dat 'n dergelike ontleding slegs kan help om die gedig as gedig beter te begryp, en iets van die skoonheid van die gedig raak te sien. Dit kan met die oog op voorbereiding van 'n preek slegs die eerste stap wees. Hiersonder sal egter veel gemis word van die diepte van gevoel, van geloofsemosie wat ingebundel is in die psalm as gedig, as uiting van die diepste roersele wat daar in die hart van die digter geleef het terwyl hy sy hart voor die heilige God oopgemaak het.

## 6. SAMEVATTING

Die eise vir die prediking van geen teks uit die Bybel is gering nie. Vir die prediking uit die Psalm-stof geld daar eise wat nie in dieselfde mate vir prediking uit ander Bybelgedeeltes geld nie. 'n Waardering vir die Psalm as gedig, en dan nog as Ou Testamentiese gedig, 'n goeie kennis van die geloofsantwoord op die openbaring van God, 'n insig in kennis van die geloofsversugting van die Psalmdigter, en 'n waardering van die Psalms as deel van die Ou Testament wat op sy eiesoortige wyse roep om die vervulling van God se beloftes in die beloofde Messias, is van die voorwaardes wat geld vir die prediking uit die Psalms. 'n Prediker sal slegs tot nadeel van homself en van die gemeente die prediking uit die psalm-stof kan vermy. Dit het 'n verdiepende en verrykende dimensie wat die gelowige van die moderne tyd op besondere wyse in sy geloofsbelewing en -ervaring aanspreek, en moet daarom op die "preekagenda" van die moderne prediker bly.

## BIBLIOGRAFIE


Allis, OT. 1972. The Old Testament. Its claims and its critics. Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publ. Co.

Burden, JJ. 1986. Reconsidering parallelism in the Old Testament. OTE, 4:141-176.

Dijk, K. 1955. De dienst der prediking. Kampen. Kok.

Du Toit, JD. 1960. Versamelde werke. Johannesburg: Dagbreekboekhandel.

Eybers, IH. 1978. Gods Woord in mensetaal. Deel III. Durban: Butterworths.

Fensham, FC. 1966. 'n Ondersoek na die geskiedenis van die interpretasie van die Hebreeuse poësie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Helberg, JL. 1983. Die Here regeer. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

___1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom: PTP.

Hoenderdaal, GJ. 1959. De prediking van het lied. (*In* Monnig, CJ & Pop, FJ, red. Wegen der prediking. Amsterdam. Holland. p. 406-427.)

Hulst, AR. 1941. Hoe moeten wij het Oude Testament uitleggen? Wageningen: Veenman.

Jenni, E & Westermann, C. 1976. Theologisches Handworterbuch zum Alten Testament. 2 dele. München: Chr. Kaiser.

Kidner, D. 1973. Psalms 1 - 72. An introduction and commentary on books I and II of the Psalms. London: Inter-Varsity Press.

Kraus, H-J. 1988. Psalms 1 - 59. A commentary. Vert. deur Oswald, HC. Minneapolis: Augsburg Publ. House.

Kugel, JL. 1981. The idea of Biblical poetry: parallelism and its history. New Haven: Yale University.

Miskotte, KH. 1966. Als de goden zwijgen. Haarlem: Holland.

Ridderbos, HN. 1962. De Psalmen. Kampen: Kok. Korte Verklaring der Heilige Schrift.

Valeton, JJP. 1905. De Psalmen. Deel 3. Nijmegen: H ten Hoet.

Van der Ploeg, JPM. 1971. Psalmen. Roermond: Romen & Zonen. (De boeken van het Oude Testament.)

Vriezen, ThC. 1966. Hoofdlijnen der Theologie van het oude Testament. Wageningen: Veenman en Zonen.

Watson, WGE. 1984. Classical Hebrew poetry: a guide to its techniques. Sheffield: JSOT.